

SARS, IN SAMEWERKING MET WETSTOEPASSING, MAAK INBRAAK OP STEENKOOLESINDIKATE

Tshwane, 12 Oktober 2023 - 'n Massiewe interregeringsoek-en-beslagleggingoperasie is vandag oor vyf provinsies heen uitgevoer agter die rug van 'n gesofistikeerde kriminele sindikaat van beweerde steenkoolsmokkelaars wat 'n hoofrol gespeel het in die verergering van die energiekrisis en beurtkrag.

Die Suid-Afrikaanse Inkomstediens (SARS) was die hoofagentskap in vandag se soek-en-beslagleggingsoperasie, omdat inligting beskikbaar geword het ten opsigte van 'n reeks belastingmisdade wat na bewering deur lede van 'n steenkoolsmokkelsindikaat gepleeg is.

Hierdie sukses van vandag se operasie is te danke aan uitsonderlike interregeringsamewerking en die deel van inligting ingevolge die beskerming van die NATJOINTS Komitee vir Prioriteit van Energiesekerheid & -veiligheid, wat getaak is met die ontmaskering en vervolging van kriminele wat ekonomiese en persoonlike swaarkry aan alle landsburgers veroorsaak het.

Dit is te danke aan sulke harde werk, meesal agter die skerms, wat lei tot sodanige ondersoekdeurbrake en wat verseker dat Suid-Afrikaners kan terugkeer na 'n leefstyl sonder beurtkrag. Sodanige geteikende operasies help ook om verlies van inkomste aan die fiskus te voorkom, wat in hierdie geval meer as R500 miljoen was.

Die beweerde steenkoolsmokkelaars en hulle verwante entiteite is aktief en teenwoordig in Gauteng, Mpumalanga, KwaZulu-Natal, die Vrystaat en Limpopo.

Die verdagtes wat vandag geteiken is, sluit voormalige Eskom-werknemers in wat aankopebedrog gefasiliteer het, asook individue betrokke by die wegwending van hoë-graadse steenkool.

SARS het skakels tussen individue en verwante entiteite vasgestel en moontlike growwe oortredings, uit 'n belastingoogpunt, bevestig ten opsigte van:

- i. Nie-registrasie vir inkomstebelasting, BTW en/of LBS.
- ii. Versuim om belastingopgawes in te dien.
- iii. Onderverklaring van inkomste.
- iv. Eis van onverskuldigde BTW-terugbetalings.
- v. Indiening van valse opgawes/verklaring (bedrog).

Die gesofistikeerde netwerk van steenkoolsmokkelaars bestaan vermoedelik uit plaaslike en buitelandse burgers. Steenkooltrokke, wat vir kragstasies bestem is, word weggewend na aangewese steenkoolerwe waar hoë-graadse steenkool met lae-graadse of substandaard produkte vervang word. Die hoë-graadse steenkool word dan uitgevoer of aan gewillige kopers verkoop. Die lae-graadse steenkool word gereeld met skroot- of ander materiaal gemeng en dan aan kragstasies gelewer.

Die lae-graadse steenkool beskadig die infrastruktuur by Eskom se kragstasies, wat 'n groot faktor is in die verlamming van die kragopwekker se vermoë om elektrisiteit vir die Suid-Afrikaanse netwerk op te wek.

SARS-kommissaris Edward Kieswetter het die land se wetstoepassingsagentskappe geloof vir hierdie massiewe deurbraak in voortslepende ondersoek.

Hy het gesê: "Dit is as gevolg van sulke naakte gierigheid dat die land ongekende beurtkrag ervaar het, wat skade rig aan besighede, direkte buitelandse belegging ondermyn en tot werksverliese lei - alles faktore wat lei tot negatiewe uitwerking op inkomste-invordering".

"Alle wetstoepassingsagentskappe moet hulle aggressiewe stryd teen misdaad volhou, elkeen volgens sy mandaat. SARS sal sy deel volhou deur belastingpligtiges na te jaag, wat betrokke is by opsetlike nienakoming, sonder aansien des persoons," het mnr Kieswetter gesê.

SARS is bemoedig deur die boodskap wat duidelik en reguit is aan diegene wat by georganiseerde misdaad betrokke is - jy sal gejag en vervolgt word.

Vir meer inligting, kontak asseblief SARSMedia@sars.gov.za.